
## Die Onse Vader (8): Verlos ons van die Bose!
(Matteus 6:13)



- Die Bybel leer dat die duiwel nie 'n sprokie of karikatuur is nie, maar 'n werklike geestelike teenstander. Hy is listig en hou homself soms voor as 'n engel van die lig. Sy taktiek sluit in versoeking op ons swak punte, uitstel, vals leringe en die hernoeming van sonde. Hy wil mense stadig van God af weglei.
- Die duiwel werk nie alleen nie: die wêreld, wat in vyandskap teen God leef, en ons eie sondige natuur is sy bondgenote. Hierdie drie kragte probeer die gelowige afbreek en vernietig.
- Ons eie krag is onvoldoende. Die oorwinning is net moontlik deur Christus, wat aan die kruis die Bose oorwin het (Kol. 2:15). Daarom leer Jesus ons bid: "Verlos ons van die Bose." Ons wapens is gebed en die Woord van God. In die krag van die Heilige Gees kan ons standhou, die vyand weerstaan en seker wees van die finale oorwinning in Christus.
- Bid daarom: *"... en laat ons nie in versoeking kom nie maar verlos ons van die Bose. "*

## Die Dordtse Leerreëls: Hoofstuk 3/4 - Stellend
Matteus 13:23

Ons bely indie Dordtse Leerreëls dat baie mense wat deur die bediening van die evangelie geroep is, nie na Hom toe kom nie en nie bekeer word nie.

In Matteus 13 leer Jesus ons die gelykenis van die saaier.

Die saad is die Woord van God wat in mense se harte gesaai word.

Almal ontvang dieselfde boodskap, maar die uitwerking hang af van die "grond" van die hart.

Party harte is hard soos 'n pad, die Woord dring nie deur nie.

Ander is vlak soos klipgrond, hulle glo vinnig, maar hou nie vol in beproewing nie.

Weer ander harte is vol dorings, wêreldse sorge en sondes versmoor die Woord.

Maar waar harte oop en voorberei is, bring die Woord 'n ryk oes van geloofsvrug.

Die Heilige Gees maak harte vrugbaar en leer ons reg luister.

Die vraag bly: Hoe luister jy na die Woord - oppervlakkig, of met jou hele lewe?